VRYPOS
Weeklikse Nuusbrief van die NG Kerk Vrystaat

Jaar 13 - Uitgawe 30
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

25 September 2015

1. ALGEMENE SINODE 4 – 9 OKTOBER 2015: Oor bietjie meer as 'n week begin die 16de vergadering van die **Algemene Sinode van die NG Kerk by die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria**. Die **Agenda, sowel as die Aanvullende Agenda** vir dié sitting, is op die webwerf by www.ngkerk.org.za beskikbaar. ***Almal se voorbidding word vir hierdie belangrike vergadering gevra!***

MEER INLIGTING OOR HIERDIE SINODE:

1.1 GROEN SINODE: Die Agenda dui aan dat dit 'n "groen" sinodesitting gaan wees. Benewens die feit dat die minimum papierstukke tydens die vergadering uitgedeel sal word, sal advertensies elektronies vertoon word en nie as brosjures, ensovoorts, uitgedeel word nie. **Afgevaardigdes word versoek om hierdie projek te ondersteun:**

> **7. ONS IS 'N GROEN SINODESITTING**
> **7.1** Daar is gereël om papier, plastiek, glas en blik te herwin. Afgvaardigdes se samewerking word gevra.
> **7.2** Daar is waterhouers beskikbaar om water te kry. Ons voorsien nie water in platiekbottels vir elke dag nie gegewe die koolstof- en besoedelingspoor wat dit laat.
> **7.3** Daar is 'n houer beskikbaar vir afgevaardigdes wat van batterye ontslae wil raak.
> **7.4** Sakke vir afgevaardigdes word van verwerkte materiaal gemaak en van 'n werkskeppingsprogram verkry.

1.2 OPENINGSGELEENTHEID: Die **Openingsliturgie wat Sondagaand 4 Oktober om 19:00 in die kerkgebou van die NG Gemeente Pretoria-Oos** plaasvind, is ook die amptelike opening van die Algemene Sinode. Die prediker by hierdie geleentheid is 'n leraar van die gemeente, dr Marina Strydom met die tema, ***God by mense, deur mense.***

1.3 BELANGRIK! Tydens vanjaar se Algemene Sinode wil *Kerkbode* die *Sinodebode* elektronies beskikbaar maak. **Alle lesers van *Vrypos* word aangemoedig om nou reeds in te teken om dié elektroniese nuusbrief direk te ontvang.**

Klik op **http://sinodebode.bybelmedia.org.za/** en teken dadelik in - al wat nodig is, is jou e-posadres. Allerlei interessante artikels sal binne die volgende week of wat op die *Sinodebode*-webwerf beskikbaar wees - hou dié opwindende nuwe toevoeging tot die NG Kerk-kommunikasie gerus dop! ***Sinodebode* sal al die nuus en inligting van die sinodesitting (van 4 tot 9 Oktober) daagliks vars aanbied!**

2. KERKE TEEN KORRUPSIE: Dr Kobus Gerber, Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode van die NG Kerk, skryf as volg: *Die NG Kerk het die afgelope paar jaar telkens haar stem in talle forums en gesprekke teen korrupsie laat*

hoor. Ons was ook betrokke by daadwerklike aksies en veldtogte. Dit is teen hierdie agtergrond dat die ***beplande optogte van 30 September 2015 in Kaapstad en Pretoria gesteun word en leraars en gemeentes opgeroep word om betrokke te wees en deel te neem – veral die wat in en naby Kaapstad en Pretoria is.***

Die inligtingstuk oor die optogte, asook 'n ***verklaring van kerkleiers wat die saak steun****, kan* hier *gelees word.* ***Dit sal wonderlik wees indien gemeentes die inligtingspamflet kan dupliseer*** **– klik hier*.***

Baie dankie by voorbaat vir aandag hieraan: 'n wonderlike geleentheid wat ons het om saam met ander kerke en die burgerlike gemeenskap ons stemme te laat hoor.

3. GEMEENTES BIED AAN:

Kyk by Herhalings, pt 9 vir gebeure wat by gemeentes plaasvind en reeds hier verskyn het:
NG Pellissier: Padwedloop en pretdraf vandag om 17:15 (registrasie begin reeds om 14:00)
NG Kroonheuwel-Noord: Lentefees vandag en 24 & 27/9
NG Langenhovenpark: Tarentaalfees op die Boeremarkterrein op 24/9
NG Oranjeville: Lentefees op 26/9

4. UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT – GESTRUKTUREERDE INTERDISSIPLINêRE MEESTERSPROGRAM: VERSOENING EN SOSIALE KOHESIE:

Sluit aan by die Universiteit van die Vrystaat (UV) vir hierdie unieke en eerste meestersgraad van sy soort om kennis, vakkundigheid en praktyk op die gebied van Versoening, Sosiale Kohesie en Sosiale Geregtigheid te bevorder. ***Hierdie program is ideaal vir persone wat in openbare en private instellings, gemeenskaps- en nie-regeringsorganisasies, sosiale bewegings, streeks- en transnasionale strukture werk en diegene wat loopbane het in 'n verskeidenheid vakrigtings wat verband hou met sosiale geregtigheid.*** Vir meer inligting rakende toelatingsvereistes, die struktuur van die graad, koste en aansoekprosedure, kontak gerus vir Joe Besigye by **besigyejb@ufs.ac.za**, of dr Willy Nel by **nelwn@ufs.ac.za**, of prof André Keet by **keeta@ufs.ac.za** - **sluitingsdatum vir aansoeke is Woensdag 30 September 2015**.

Vir inligting oor ander nagraadse programme in die Fakulteit Teologie, kontak vir ds Marlene Oosthuizen by **moosthuizen@ufs.ac.za**

5. PRETSTAP – AURORA SENTRUM:

Hierdie fondsinsamelingsgeleentheid vind op **Saterdag 26 September 2015** plaas – die hele familie kan kom saamstap, die afstand is slegs 1.5 km en loop deur die dieretuin – klik hier vir **meer inligting** en ook hier vir die **inskrywingsvorm**. Vir enige navrae, skakel 051 447 7271.

6. VBO WERKSWINKELS:

SHEPHERD VBO-WERKSWINKELS:

MENSE (ONS/EK) EN WAAR PAS EK (ONS/MENSE) IN, IN GOD SE STORIE?:
Aanbieder: Ds Gys van Schoor
Ds Gys van Schoor is predikant by Durbanville Moedergemeente. Hy is die inisiatief agter Die Sentrum vir Geloofsvorming wat landswyd die geloofsvormingsreis vir predikante begelei. Hy's ook die skrywer van die reeks wat gemeentes help op die pad van Geloofsvorming.
Datum: 19 - 20 Oktober 2015
Plek: UV, Teologie Gebou, K21 – Bloemfontein
Tye: Maandag 09:00 - 17:00 (middagete ingesluit); Dinsdag 09:00 - 13:00
VBO-punte: 20
Koste: R900.00
Registreer: SMS D25150, naam en e-posadres na 31029

GEBOU OM TE HOU: BLOK 2 EMOSIONELE INTELLIGENSIE (EI) VIR EFFEKTIEWE BEDIENINGSGROEI/ONTWIKKELING: Die werkswinkels is oop vir alle leraars, eggenotes, gemeenteleiers, sielkundiges, maatskaplike werkers en belangstellendes!

Aanbieders: Drs Annette Prins & Annette Weyers
Datum: 2 - 4 November 2015
Tye: Dag 1: 13:00 - 16:00, **Dag 2:** 08:30 - 16:00, **Dag 3:** 08:30 - 13:00

Plek: Teologiese Fakulteit, Kamer 120, UV - Bloemfontein
VBO-Punte: 20 per blok
Koste: R1 400.00
Registrasieproses: SMS D25150, naam en e-posadres na 31029. Vroeë registrasies ontvang 10% afslag indien u 'n maand vooruit betaal. **LW:** Aanbieding onderhewig aan getalle.

7. BYBEL-MEDIA PUBLIKASIE: Let asseblief daarop dat daar 'n fout ingesluip het by die bekendstelling van ***ToekomsVenster: Volg Jesus***. Klik **hier** vir die korrekte weergawe – Bybel-Media vra verskoning vir die ongerief.

8. VAKATURES:

- **KINDERVERSORGER - ENGO KINDER- EN JEUGSORGSENTRUM, WINBURG:** Hierdie voltydse pos vir 'n kinderversorger is tans beskikbaar, die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die versorging van 15 seuns (ouderdom 0 – 18 jaar). Klik **hier** vir meer inligting – **sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 9 Oktober 2015** met indiensneming vanaf 1 November 2015.
- **ONTVANGSDAME & SKRIBA:** Die **NG Gemeente Heuwelsig, Bloemfontein** adverteer tans hierdie twee halfdagposte (Maandae - Vrydae 08:00 – 13:00). Die salarisskale is vanaf R5000 tot R8000 (onderhandelbaar en datum van diensaanvaarding is 4 Januarie 2016. Applikante moet oor die nodige rekenaar-, administrasie- en kantoorbestuursvaardighede beskik. Die aanstellingskommitte sal voorkeur verleen aan lidmate van die NG Kerk en persone met kerkkantoorondervinding. Stuur 'n volledige CV met dekblad waarin aangedui word vir welke pos aansoek gedoen word, saam met 'n kort biografie van die applikant aan **admin@ngkerkheuwelsig.co.za** - **sluitingsdatum vir aansoeke is Sondag 18 Oktober 2015.**
- **Kyk ook by Herhalings, pt 9 vir ander vakante poste.**
- Vir die amptelike bekendmaking van **vakatures vir predikante** deur *Kerkbode*, gaan na **www.kerkbode.co.za** – **klik** dan op ***Meer - Vakatures.***

9. NB! HERHALINGS VAN BERIGTE: Kennisgewings en inligting wat in 'n vorige uitgawe van *Vrypos* verskyn het, word **hier** vir jou gerief herhaal.

10. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraars wat gedurende die komende week, hul verjaarsdae vier – mag die nuwe lewensjaar vol vreugde, genade en liefde wees:

27 September:
Ds Christo Weideman - KROONHEUWEL-NOORD -056 212 3398, 083 453 6681, **dscweideman@gmail.com**

28 September:
Ds Helgard van Rensburg - VILLIERS - 058 821 0112, 082 749 5052, **helgardjvrensburg@vodamail.co.za**

10. TEN SLOTTE:



We love you guys, but maybe it is time now to call it a day and take up a new sport…

(Oorgeneem vanaf Netwerk24)

Groetnis tot volgende week.

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719
Faks: 086 502 0821

INDIEN U OP ***VRYPOS*** WIL **INTEKEN**, KLIK hier **(meld asseblief ook u gemeente/dorp)**

AS U ***VRYPOS*** WIL **KANSELLEER**, KLIK hier **(dit sal 'n fout wees!)**

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by kerkinfo@ngkvs.co.za – stuur ook enige nuusgebeure, ensovoorts na hierdie adres.

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

ToekomsVenster VOLG JESUS:



45 dagreise oor dissipelskap – *Stiltetydgids*

- **Klik hier on media pakket af te laai**
- **Klik hier om die produk te koop**

PRYS: R85.00

'n Leeftyd hier op aarde is heeltemal te kort om die volheid van God te leer ken. Ons het egter die voorreg om iéts van sy grootheid te ontdek en te ken. En dit is waarmee hierdie 45 dagreise na dissipelskap jou wil help. Dissipelskap is 'n manier van leef. Dit begin wanneer jy reageer op Jesus se uitnodiging om Hom te volg. Om Jesus werklik in ons lewe vandag te volg, vra van ons om te leer om aan Hom aandag te gee, na Hom te luister en dan, natuurlik, om Hom te volg. In die proses sal jy God al hoe beter leer ken en aanhou groei in 'n dieper en omvattender verstaan van wie Hy is. Jy sal egter ook meer insig kry in wie jy is en in wat dissipelskap werklik behels.

Meer oor ToekomsVenster
ToekomsVenster is 'n vyfjaarplan om die liggaam van Christus toe te rus terwyl ons saam op reis is na 2020. Dit help gemeentes, groepe en individue om te fokus op die uitdagings wat ons nou en in die toekoms sal moet hanteer. Dit lei gelowiges op 'n pad van genesing terwyl hulle oë gerig is op die wêreld waarvoor God so lief is. Die temas is spesifiek gekies om gelowiges te help en te lei om nuut te dink en te glo.

SKRYWER: Deon Loots is tentmakerleraar by Klema in Somerstrand, Port Elizabeth. Hy staan die grootste deel van sy tyd af aan 'n dissipelskap-bediening wat landwyd strek. Hy fokus veral daarop om materiaal vir retraites beskikbaar te stel en self retraites aan te bied.

BESTELLINGS: bestel@bmedia.co.za / 0860 26 33 42 / www.bybelmedia.org.za

TERUG NA INHOUD

KINDERVERSORGER:

ENGO Child & Youth Care • Kinder- & Jeugsorg

ENGO Child & Youth Care Centre, Winburg has a vacancy for a full-time child care worker. The successful candidate will be responsible for taking care of 15 boys from 0 – 18 years.

REQUIREMENTS:

- **GR 12**
- Valid **driver's license** a MUST

- Ability to speak **English**, **Afrikaans & Sesotho**
- Willingness to undergo **training**
- Must love **children**
- The ability to be firm and maintain **discipline**

BENEFITS:

- Salary negotiable
- 13th Cheque
- Pension fund
- Ample leave
- Free board & lodging

CLOSING DATE: Friday 9 October 2015
AVAILABLE: 1 November 2015
FAX CV'S TO: 057 352 9782 ***OR***
E-MAIL TO: christa@vironskinders.org.za

TERUG NA INHOUD

HERHALINGS:

INHOUD:

1. ALGEMEEN:

- **JAM JAAR 2016:**

2. GEMEENTES BIED AAN:

- **NG PELLISSIER – PADWEDLOOP EN PRETDRAF:** Die Kosmandjie ondersteuningsgroep bied vandag hierdie geleentheid aan by die kerkterrein in Pellissier. **Inskrywings** kan reeds **vanaf 14:00** by die kerk gedoen word – die **pretdraf begin om 17:15** (1 km of 5 km) en die **padwedloop van 10 km begin om 18:00. Koste:** 1 km = R10 / 5 km = R20 / 10 km = R40 / tydelike wedlooplisensies = R25. Prysgeld, medaljes, gelukstrekkings, asook energiedrankies en verversings gaan beskikbaar wees – terme en voorwaardes geld. Rig enige navrae aan Giep van Zyl @ 082 381 8120.

- **'N GROOT FEESNAWEEK BY NG KROONHEUWEL-NOORD:** Hierdie gemeente in Kroonstad skop die naweek vandag reeds af met die uiters gewilde eenman-vertoning van Frank Opperman, *die Klaagliedere van Ds Tienie Benade.* Hierdie **vertoning vind om 19:00** by die Stadskouburg plaas. **Alle sitplekke moet bespreek word** en kaartjies kos R100pp wat by *Rellings* of die kerkkantoor te koop is.

  PROGRAM VIR DONDERDAG 24 SEPTEMBER: Daar vind 'n klomp lekker dinge plaas! ***Inskrywingsvorms vir alle kompetisies kan verkry word deur jou e-pos adres, asook die bepaalde kompetisie waarvoor jy wil inskryf, byvoorbeeld die worsbraai-, potjiekos of gholfkompetisie, na 083 453 6681 te SMS.***

  SONDAG 27 SEPTEMBER word die naweek afgesluit met die groep *Inside Out* wat die erediens gaan

waarneem en daarna is daar 'n heerlike gratis dankie-sê ete vir NG Kroonheuwel en Kroonheuwel-Noord se mense. Rig enige navrae aan Christo Weideman by 083 453 6681.

- **NG LANGENHOVENPARK SE TARENTAALFEES:**

- **NG ORANJEVILLE SE LENTEFEES:** Hierdie geleentheid vind op **Saterdag 26 September 2015 vanaf 08:00** by die kerksaal te Malanstraat 42, plaas - vir navrae, kontak vir Nunette @ 072 246 8100.

3. VAKATURES:

- **SENDELING - BAMBISANA (TRANSKEI):** Hierdie vakature word deur die NG Stellenberg/Why Duvenhage, in vennootskap met *Jabulani African Ministries*, geadverteer – klik **hier** vir al die besonderhede. **Die sluitingsdatum is Woensdag 30 September 2015.**

TERUG NA INHOUD